



Wat (en hoe) lees ons?

As dit oor Jesus se aardse bediening gaan, het ons vier uitvoerige beskrywings daarvan in die Bybel: die evangelies van Matteus, Markus, Lukas en Johannes. Dit is 'n goeie idee om hierdie evangelies in die weke van Advent deur te lees.

Markus is die oudste evangelie en bring die leser naby aan die stories oor Jesus se lewe. 'n Mens kan kies om elke dag net 'n bietjie uit Markus te lees en dan terug te sit om daarvoor te mediteer soos hieronder beskryf word.

Deur die eeue het daar in die kerk verskillende maniere van Bybellees ontwikkel. Gelowiges wou graag so lees dat die woorde wat hulle lees, diep in hulle harte indring. Hier noem ons kortliks twee maniere:

- As dit 'n storie is, lees dit 'n paar keer tot jy dit goed ken en sluit dan jou oë om jou deur jou verbeelding in die storie in te leef. Kies een van die karakters in die storie en verbeel jou jy is nou dié karakter. As dit byvoorbeeld oor vissers op 'n strand gaan, voel die seesand onder jou voete, hoor die water, sien Jesus kom, voel hoe dit voel dat Hy na jou kyk, hoor sy stem, voel hoe dit voel om agter Hom aan te gaan. Daarna kan jy jouself afvra wat die storie vir jou nou in jou omstandighede wil sê, wat dit aan jou wil doen.
- 'n Ander metode. Lees enige gedeelte een- of tweemaal en kies dan daaruit een woord of 'n kort frase wat nou met jou praat. Sit dan terug en hou dit vir 'n hele ruk luisterend op jou aandag. Wat wil die Here nou daardeur vir jou sê, aan jou doen? 'n Mens se aandag is lewendig en gaan maklik weg na enigiets anders. Dit moet ons aanvaar en nie daarmee veg nie, net solank ons ons aandag telkens weer sagkens kan terugbring na die woord waarna ons luister.

Daarby kan 'n mens ook boeke lees waar in Jesus se aardse bediening in die fokus kom. Hier is 'n paar voorbeelde:

Borg, Marcus, *Jesus: Uncovering the Life, Teachings and Relevance of a religious revolutionary*, HarperCollins e-books.

Du Plessis, Pierre, *Jesus ruik na mirre en stof*, Lux Verbi, 2016

Jackson, Neels, *Jesus vir almal*, Lux Verbi. 2020

Nicol, Willem, *Genooi om te volg – ervaar die lewe van die aardse Jesus*, Bybelkor 2018.

Wright, NT, *How God became King: the forgotten story of the Gospels*, HarperOne e-book.

Wright, NT, *Simply Jesus: Why he was, what he did, why it matters*, HarperCollins, New York 2011.

Yancey, Philip, *The Jesus I never knew*, Zondervan, 1995